LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

03-09-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 30 VIR 2018

1 VARKFEES:

Baie dankie aan elke leerder, ouer en Volkie Vriend, vir u hulp, ondersteuning en positiewe gesindheid om van Varkfees 2018 'n sukses te maak. Ons waardeer u elkeen!

"SKYDIVERS":

Baie geluk aan die volgende persone. . .

☺ Leerders wat meeste merkers verkoop:

1ste prys = Ashley van Niekerk

2de prys = Jordan du Preez

3de prys = Duan Trollip

❀ Valskermspringers het op die volgende merkers geland:

1ste prys = Natasha Boy (Tandem Valskermsprong vir 2 persone van R3500);
2de prys = Dalores du Randt (Geskenkbewys van R2000);
3de prys = Dirk Jansen van Vuuren (Geskenkbewys van R1500).

2 FOTODAE:

25 September - Individuele foto's
26 September - Sportfoto's
27 September - Klasfoto's

Die individuele skoolpakkette beloop R70 (1 x A4 en 1 x A5). Kinders sal later bestelvorms ontvang wat by registerklasse betaal kan word.

3 VOLKIE NUUSBULLETIN:

Stuur asb. u kind se buitemuurse sportprestasies voor of op 18 September na helenebotha@laervolkskool.co.za en indien u belangstel vir 'n advertensie, kontak haar by 0163416216/0832852481.

4 KOOR:

Daar is Junior kooroefening op Maandag, normale tyd.
Die Seniorkoor oefen Woensdag slegs tot 15:00, ter wille van die toetsreeks.
Vrydagaand, 7 September 2018 moet al die Seniorkoorlede asb. vanaf 17:00 tot 20:00 by die rugbyveld aanmeld. Ons gaan die parkering hanteer vir die Nagmark.

5 FORMELE ASSESSERING:

- Leerders is skoolpligtig.
- Al die leerders is besig met formele assessering en moet elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word.** Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0% kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- ***Wanneer die toetsweek verby is, word daar steeds assessering in klasse afgehandel, toetse deurgegaan en punte gekontroleer.***
- ***Die skool sluit 28 September 2018.***
- Normale klaswisseling vind plaas by Gr 4-7.

6 SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:

Suikerbosrand Eisteddfod se tweede gedeelte vind plaas vanaf 10-12 September. Inskrywings het reeds gesluit. Leerders het reeds hulle inligtingsbriefies van deelname ontvang.

7 MUSIEKFEES:

Ons beplan hierdie jaar 'n Musiekfees op 17 & 18 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies kan deelneem en saamwerk om dit iets regtig spesiaal te maak. Daar is geen kostes aan verbonde nie, so kom ons kyk of ons dit 'n ware skoolpoging kan maak!

8 SPREEKKOOR:

Ons oefen elke Maandag vanaf 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas. Almal moet asb. daar wees. Ons neem deel aan die Suikerbosrand Eisteddfod op 13 September 2018 om 13:10 by die TPA saal.

9 MINI-KRIEKET:

Almal oefen op Maandag en Woensdag vanaf 14:00 - 15:00. Ons herinner ouers net dat u asb. vir elke speler 'n wit broek moet aanskaf, bv. 'n wit rugbybroek voor 15 September (KFC dag).
Op 8 September 2018 speel ons by Laerskool Voorwaarts.

10 KRIEKET:

Krieketoefening: Maandag oefen slegs die 0/9 seuns van 14:00 - 15:00 by die nette.

11 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdag en Donderdag.

12 ATLETIEK:

Ons begin met atletiek oefening vanaf Maandag, 3 September 2018 vir al die leerders, wat nie nou aan ander sporte deelneem nie.

Langafstande Afrigter - Tannie Elmien	Maandae tot Donderdae 16:00 - 17:00 Oefening begin vanaf 3 Sept	Hoër Volkskool
Hoogspring Afrigter - Oom Henning	Maandae, Dinsdae & Donderdae 14:30 - 15:30 Oefening begin vanaf 3 Sept	Hoër Volkskool
Verspring/Hekkies Afrigter - Mnr Louwtjie	Maandae, Dinsdae & Donderdae 14:15 - 15:15 Oefening begin vanaf 3 Sept	Hoër Volkskool
Gewigstoot	Oefentyd sal deurgegee word	
Naellope Afrigter - Mnr Stiaan	Dinsdae & Donderdae 14:15 - 15:00	Hoër Volkskool

13 GRAAD R KLAS:

Aansoek vir toelating tot ons Gr R klasse vir 2019 het Maandag, 30 Julie geopen tot 21 September 2018. Die nodige vorms kan by Mev Chrissie Maré (ontvangs) afgehaal word. Drie Gr R klasse word beplan vir 2019. U aansoek verseker nie dat u kind outomaties plek in die Gr R klasse vir 2019 het nie.

Ouderdom van leerders: Leerders wat in 2013 gebore is (en 6 jaar oud word in 2019) asook leerders wat tot en met 30 Junie 2014 gebore is (en 5 jaar oud word voor 30 Junie 2019), kan inskryf.

Graad R Opedag is op 21 September 2018. Alle aansoeke sal oorweeg word en ouers sal in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was.

Vir enige navrae, kontak gerus vir Juf. Alta de Klerk by die skool.

14 BLIKKIESKOS PROJEK:

Baie dankie aan elke leerder en ouer vir u ondersteuning met hierdie projek, ons het 1761 blikkieskos ingesamel!

15 SNOEPIE:

Ons versoek graag dat **ALLE GRONDSLAGFASE LEERDERS** voortaan eerder op **Woensdae** snoepiedag sal hou. Pizzas kan steeds op Vrydae gekoop word.

Volkiegroete

J.J. JORDAAN
ADJUNKHOOF